DEEL 118 | WEEK 44 | 30 OKTOBER 2026 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

Gaan jy stem?



Hulle sê wanneer jy stof ruik, gaan dit reën. Maar wanneer jy teer ruik, is dit verkiesingstyd. Of so wil die spreekwoord dit hê. In Heilbron is daar egter min sigbare tekens van reën net so ook politieke partye wat werklik moeite doen om kiesers te oortuig dat hul stem 'n verskil kan maak.

Hier en daar is 'n hemp uitgedeel, 'n stalletjie opgeslaan en oorsigte of besoeke aan die gemeenskap gedoen. Maar vir inwoners wat daagliks met slaggate, beskadigde paaie en ander diensleweringsprobleme te doen kry, is die vraag: Waar is die tasbare verandering?

Dinsdag het die Vrystaatse departement die voltooiing van die 35 km-pad tussen Sasolburg en Heilbron gevier. Hoewel die padwerk 'n belangrike ontwikkeling vir motoriste en die omliggende gemeenskap is, bly daar ontevredenheid oor paaie en slaggate in gebiede buite Heilbron wat steeds aandag benodig.

Vir inwoners is die toestand van paaie nie bloot 'n politieke gesprekspunt nie. Dit raak hul voertuie, daaglikse vervoer en die koste om van een plek na 'n ander te kom. Die voltooiing van een pad bring dus ook die vraag na vore: Wanneer kry die res van die gebied se paaie die nodige aandag?

Julius Malema het ook 'n draai in Heilbron gemaak om kiesers aan te moedig om hul stemme uit te bring. Maar politieke besoeke en verkiesingsveldtogte is net een deel van die verhaal. Die groter toets lê daarin of inwoners se probleme ook buite verkiesingstyd gehoor en aangespreek word.

'n Inwoner van Phiritona het op sosiale media kommer uitgespreek oor die toestand van paaie in die woonbuurt, nadat die opening van die R57-pad gevier is.

In die plasing word spesifiek verwys na die hoofpad in Mapetla, naby Paving, waar foto's glo teer wys wat langs die pad agtergelaat is, terwyl slaggate steeds 'n probleem vir padgebruikers bly.

Die inwoner bevraagteken waarom daar geld en materiaal vermors sou word terwyl inwoners steeds met beskadigde paaie moet saamleef. Die plasing verwys ook na die koste van teer en bitumen en voer aan dat die vermorsing van sulke materiaal neerkom op 'n verlies van belastingbetalers se geld.

Die inwoner doen verder 'n beroep op jongmense om ouer inwoners te help om ingeligte stemkeuses te maak en beklemtoon dat Phiritona meer verdien as slaggate en vermorste teer.

Die bewerings in die plasing weerspieël die frustrasie van 'n inwoner, maar die omvang van die beweerde materiaalvermorsing en die presiese koste daarvan is nie onafhanklik bevestig nie.

Heilbron en Phiritona se geregistreerde kiesers kan Woensdag 4 November van 07:00 tot 21:00 hul kruisies trek. Met Heilbron se inlywing by Metsimaholo kan kiesers uit 29 partye op die munisipale stembrief kies.

Stemlokale in die omgewing sluit Hoërskool Heilbron, die Phiritona-stadsaal, die Gereformeerde Kerk Phiritona, Kearabetswe Primary School en verskeie ander lokale in. Kiesers moet egter by die lokaal stem waar hulle geregistreer is.

Bevestig jou stemlokaal deur jou 13-syfer-ID-nommer na 32810 te SMS of "Hi" per WhatsApp na 060 088 0000 te stuur.

Neem jou slim-ID-kaart, groen strepieskode-ID-boek of geldige tydelike ID-sertifikaat saam. 'n Bestuurslisensie of paspoort word nie aanvaar nie.

Met 4 November wat nader kom, staan kiesers voor 'n belangrike besluit. Dit is maklik om tydens 'n verkiesingsveldtog aandag te gee aan beloftes, besoeke en die opgewondenheid rondom politieke partye. Die werklike vraag is egter wat daarna gebeur.

Watter probleme is geïdentifiseer? Watter beloftes is nagekom? En wie gaan steeds daar wees wanneer die veldtogte verby is en die stalletjies afgebreek is?

Kiesers hoef nie deur 'n hemp, 'n besoek of 'n belofte te besluit nie. Hulle kan vrae vra, partye se diensleweringsrekords ondersoek en bepaal watter planne daar is om plaaslike probleme aan te spreek.

Uiteindelik is 'n stem meer as 'n kruisie op 'n stembrief. Dit is 'n geleentheid om jou sê te sê oor die toekoms van jou dorp en jou gemeenskap.

Die vraag is dus nie net vir wie jy gaan stem nie, maar ook waarop jy jou besluit gaan grond. Gaan jy stem op grond van beloftes, of gaan jy kyk na wat werklik gedoen is en wat nog gedoen moet word?







UIT DIE PEN:

Week 44

My foeliehoedjie sit vandag bietjie skeef. Foeliehoedjie, hoor ek jou vra? Dit word mos algemeen gebruik wanneer iemand aan die sameswerings teorieë glo.

Ek het onlangs van drie sameswerings teorieë gehoor wat splinternuwe nuus was. Die eerste een was van ’n kêrel genaamd Gibson Naki. Gibson was blykbaar ’n tuinier by die Groote Schuur hospitaal. Later het hy tot by ’n tegnikus gevorder en het klasse gegee vir nagraadse studente. Hy kon hulle help met sekere navorsing wat op diere gedoen is.

Diegene wat hierdie teorie voorstaan is dit eens dat Naki die eerste hartoorplanting gedoen het. As gevolg van doerie tyd se apartheid kon Naki se naam nie gebruik word nie, want hy sou blykbaar nie saam met ander wit dokters in die teater toegelaat word nie. Die werklikheid was dat Naki met baie navorsing gehelp het, maar dat hy nie die eerste hartoorplanting uitgevoer het nie.

Dan is daar ’n kêrel genaamd Gibson Makanda. Volgens diegene wat daaraan glo, is Nelson Mandela alreeds in 1985 in die tronk dood. Die regering van daardie tyd wou dit nie bekend maak nie, en Gibson is nader getrek om van toe af as Nelson Mandela te leef. Dit was glo Gibson wat verantwoordelik was vir die onderhandelinge teen die einde van apartheid.

Die derde waarvan ek onlangs gehoor het handel oor 9/11 in die VSA. Blykbaar is die gebou opgeblaas deur plofstof wat in strategiese plekke in die gebou versteek is. Die vliegtuig wat daarin vasgevlieg het, het nie die groot skade veroorsaak nie, maar dit het geleentheid geskep dat al die plofstof ontsteek kon word. Die rede waarom hulle daaraan glo is blykbaar omdat vliegtuigbrandstof nie metaal kan smelt nie, en dus sou dit nie gelei het tot brande in en die ineenstorting van die gebou nie.

Daar is ook diegene wat glo dat 9/11 deur Mossad of een of ander ekstremistiese Joodse groep uitgevoer is omdat daar, op daardie dag, baie Jode van die werk af weggebly het.

Ek het toe gaan nalees oor wat ander foeliehoedjies glo.

Soos met John F Kennedy se sluipmoord destyds, het sommiges ook geglo dat Prinses Diana vermoor is. Daar was iemand wat ’n Fiat motor naby hulle s’n gesien toe hulle in die tonnel in ry. Veral Mohammed Al-Fayed, die pa van Dodi, het die gerugte aangeblaas dat die Britse MI6 vir haar dood verantwoordelik was.

Kan julle die tagtigerjare se musiek onthou? Daar was meer as een persoon wat die jeug gewaarsku het teen die aaklige rockmusiek. Ek kan onthou dat Rodney Seale by ons skool daaroor kom gesels het. Wanneer die musiek agteruit gespeel word, het Rodney gesê, is daar geheime boodskappe. Ek kan onthou dat hy “Another one bites the dust” agteruit gespeel het. Die boodskap was blykbaar: “I love to smoke marijuana.”

Volgens diegene wat daarin geglo het, word die musiek in jou onderbewuste agteruit gespeel, en dan kry jy al hierdie vreemde boodskappe.

Ek het al baie na hierdie lied geluister, maar nog ooit lus gehad vir dagga nie.

Dan was daar natuurlik die maanlanding. Volgens die foeliehoedjies is die toneel in ’n ateljee opgeneem want daar was skaduwees op die foto waar Buzz Aldrin die vlag op die maan plant. En blykbaar is daar nie skaduwee op die maan nie. Die vlaggie het ook geroer in die wind, maar daar is geen wind op die maan nie.

In 1966 is daar wyd geglo dat Paul McCartney van die Beatles in ’n motorongeluk dood is. Hy het glo tydens ’n musiekoefening baie kwaad by die ateljee uitgestorm, in sy kar geklim en ’n motorongeluk veroorsaak. Sy kop is glo in die ongeluk afgesny.

En dan is daar die klone. Elke Jan Rap en sy maat glo dat daar klone is. Eminem is blykbaar ’n kloon. So ook Avril Lavigne, die sangeres. Jim Carrey, Kanye West and Beyoncé is ook klone.

Nou hier is die ding: ’n kloon kan onmoontlik so oud wees soos die persoon tans is. ’n Kloon word gemaak deur die genetiese materiaal in ’n embrio of in ’n eiersel geplaas word. Daar volg ’n reeks prosesse vir groei. Daarna moet die embrio, soos met gewone mense, vir 9 maande lank in ’n baarmoeder kan groei. Wanneer die kloon dan gebore word, moet dit groei soos enige ander organisme. Die kloon word nie as ’n volwassene gebore nie.

Met Covid-19 het ek ook die teorie oor die Groot Pharma gelees. Ek lees dit nogsteeds. Groot Pharma is die term wat gebruik word om die groot, multinasionale farmaseutiese bedryf te beskryf.

Ons moes, so sê hulle, almal ’n inspuiting teen Covid gekry het sodat Groot Pharma kan geld maak om al die verskriklike newe-effekte te behandel. Volgens ander wat aan naturopatie glo, word die regte, natuurlike kankerbehandelings nie in die hoofstroom media gedek nie, want anders sal Groot Pharma te veel geld verloor, want hulle grootste inkomste kom uit chemoterapiemedikasie.

Die maermaakinspuitings is ook onlangs in die nuus, want elkeen wat hare knip en ’n vel behandel, verkoop dit ook. Blykbaar word dit onwettig ingevoer en deur persone verkoop wat geen mediese agtergrond het nie. SAHPRA is, so klink dit my, op die spoor van hierdie mense en wil hulle aankla van iets.En die mense wat dit gebruik, skree: “Groot Pharma!” Want die Groot Pharma gaan nie meer geld maak as die goedkoop produkte verkoop word nie. Sê hulle.

So: wat is waar en wat is wolhaar?

Hierdie week het ek weer geleer dat daar baie versindsels is. Ek dink elke mens het ’n groeie skeut verstand gekry om vir homself uit te redeneer wat regtig is en wat sameswerings teorieë is.

Gee my net ‘n oomlik: ek wil net gou my foeliehoedjie vir vandag afhaal. Dalk sit ek dit weer op wanneer ek weer iets lees wat te waar is vir woorde.

Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum

Oktober: Geestesgesondheid is almal se verantwoordelikheid

• ***Elmarie Els-Hammann***

Oktober is Geestesgesondheids-bewusmakingsmaand, ’n tyd om stil te staan by die belangrikheid van emosionele welstand, begrip en ondersteuning in ons gemeenskappe. In ’n samelewing waar mense dikwels aangemoedig word om sterk te wees, aan te hou en nie oor hul probleme te praat nie, word geestesgesondheid maklik op die agtergrond geskuif. Tog is emosionele welstand net so belangrik soos fisiese gesondheid.

Geestesgesondheidsuitdagings diskrimineer nie. Dit kan kinders, tieners, volwassenes en bejaardes raak, ongeag hul agtergrond, beroep of sosiale omstandighede. Agter ’n vriendelike glimlag kan daar soms gevoelens van hartseer, angs, uitputting of eensaamheid skuil waarvan niemand bewus is nie. Veral teen hierdie tyd van die jaar begin die druk op baie mense toeneem. Leerders berei voor vir hul eindeksamens, ouers probeer finansiële en gesinsverantwoordelikhede balanseer, en werknemers ervaar dikwels die uitputting van ’n besige jaar. Hierdie omstandighede kan spanning verhoog en mense se emosionele welstand beïnvloed. Dit is belangrik om te besef dat geestesgesondheid nie bloot die afwesigheid van ’n geestesversteuring beteken nie. Dit sluit ook ons vermoë in om emosies te hanteer, gesonde verhoudings te bou, uitdagings die hoof te bied en betekenis in die alledaagse lewe te vind.

Een van die grootste struikelblokke bly die stigma wat met geestesgesondheidsprobleme gepaardgaan. Mense huiwer dikwels om hulp te vra uit vrees dat hulle as swak, onbekwaam of anders beskou sal word. Die waarheid is egter dat dit moed verg om te erken wanneer ondersteuning nodig is. As gemeenskap het ons elkeen ’n rol om te speel. Soms begin ondersteuning bloot deur te vra: "Hoe gaan dit regtig met jou?" en dan tyd te maak om na die antwoord te luister. Ons hoef nie altyd oplossings te hê nie. Om iemand sonder oordeel aan te hoor, kan reeds ’n betekenisvolle verskil maak. Ouers, onderwysers en ander volwassenes speel ook ’n belangrike rol in die bevordering van kinders se emosionele welstand. Wanneer kinders geleer word dat dit aanvaarbaar is om oor hul gevoelens te praat, ontwikkel hulle die vertroue om ondersteuning te soek wanneer hulle dit nodig het. Geestesgesondheid verdien egter nie slegs gedurende Oktober aandag nie. Dit behoort deel van ons daaglikse gesprekke, gesinslewe, skole en werksomgewings te wees.

Terwyl Oktober tot ’n einde kom, word elke inwoner aangemoedig om nie net na sy of haar eie emosionele welstand om te sien nie, maar ook bewus te wees van die mense rondom hulle. Maak tyd vir rus, stel gesonde grense, bou ondersteunende verhoudings en moenie huiwer om professionele hulp te soek wanneer dit nodig is nie. Onthou: Jy hoef nie altyd sterk te wees nie. Jy hoef nie altyd al die antwoorde te hê nie. En jy hoef beslis nie alleen deur moeilike tye te gaan nie. Laat Oktober ons herinner dat geestesgesondheid saak maak – nie net vir een maand van die jaar nie, maar elke dag. Want ’n gesonde gemeenskap begin by mense wat nie net na mekaar kyk nie, maar werklik na mekaar omsien.





Inwoners gewaarsku teen moontlike kragbedrog

Inwoners van Heilbron word gewaarsku om waaksaam te wees nadat minstens vyf inwoners glo reeds deur onbekende persone oor hul elektrisiteitstoevoer gekontak is.

Die voorvalle wek kommer oor moontlike bedrogspogings waarin inwoners mislei kan word deur persone wat hulle op elektrisiteitsake nader en moontlik persoonlike of rekeninginligting probeer bekom.

Inwoners word versoek om nie persoonlike dokumente, bewys van adres, rekeningbesonderhede of ander sensitiewe inligting via WhatsApp aan onbekende persone te stuur nie.

Geen betalings moet gemaak word voordat die versoek direk by die Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit bevestig is nie.

Inwoners moet ook versigtig wees vir persone wat beweer dat hulle namens die munisipaliteit optree. Enige dreigemente van elektrisiteitsafsluiting of versoeke om inligting moet eers by die munisipaliteit geverifieer word.

Die publiek word aangeraai om nie onder druk op sulke versoeke te reageer nie, maar eerder eers die egtheid daarvan te bevestig om te voorkom dat hulle moontlike slagoffers van bedrog word.

Huis- & Tuinboubklub besoek Bethlehem vir 'n inspirenende tuintoer



Die Heilbron Huis- & Tuinbouklub het op 21 Oktober 2026 'n besonder aangename en leersame besoek aan Bethlehem gebring. Die dag is gekenmerk deur hartlike gasvryheid, interessante tuinwenke en pragtige tuine, wat beslis inspirasie aan die besoekers gebied het. Die eerse besoek was aan Builders Warehouse, waar die takbestuurder, me. Ilona Nel, die dames vreindelik verwelkom en elkeen met 'n heerlike geskenkpakkie bederf het.

Die groep het waardevolle wenke oor gewilde huisplante ontvang, waaronder Sansevieria (skoonma-se-tong), Delicious monster Triostar, Rubberplant, Venus-vlieëvanger, Bamboes, Spekboom Origidieë en Bromeliads (pynappel plant). Die belangrikheid van die korrekte plasing, versorging en voeding van plante is beklemtoon. Produkte soos Nitrosol, Wonder se Kelp en All Purpose en Pokon Orchid is produkte, wat beskikbaar is op die rak.

Daar is verder praktiese raad oor onkruidbeheer, grasperkversorging en waterbesparing gegee. Onkruid moet eers korrek geïdentifiseer word voordat 'n geskikte middel gebruik word. Aanhoudende opvolgbehandeling is belangrik, terwyl grasperke nie te kort voor die winter gesny moet word nie. Met El Nino wat waterbesparing noodsaaklik maak, is die gebruik van reënwater, basklips en kompos aanbeveel. Dames het ook gehoor watter plante bye lok in jou tuin, waaronder lavental, roosmaryn, salie dahlia's, sonneblomme en rose is. Builders Warehouse bied boonop 'n verskeinheid dienste, soos sleutelduplisering, installasies en swembadwaterontleding, asook afslag op aankope vir kliënte met 'n profiel.

Die volgende besoek was aan me. Andrea van der Wal se pragtige dorpstuin. Haar tuin, wat tydens Covid begin is, is 'n ware lus vir die oog en spog met van die mooiste rose in 'n kleurryke en aantreklike omgewing.

Die oggend is afgesluit met 'n besoek aan die gasvrye me. Paula du Toit se pragtige tuin langs die Jordaanrivier. Die tuin bied 'n asemrowende uitsig oor die rivier en is 'n droom vir enige tuinliefhebber. Paula is ook die eienares van Roadside Diner, waar die dames hul middagete geniet het. Die nostalgiese restaurant, met sy versamelings van oudhede, lekkernye en tipiese plattelande gasvryheid, het talle nostalgiese oomblikke opgelewer.

Die dag is later die middag met 'n gesellige saamkuier by die Heilbron Rolbalklub afgesluit.

'n Besondere hoogtepunt was die besoek van mnr. Dirk Claassen, hul voormalige wiskundeonderwyser, wat saam met sy vrou by die oudleerders kom kuier het. Dit was 'n spesiale geleentheid om ná soveel jare weer met hul oudonderwyser te gesels en herinneringe aan die goeie ou skooldae te deel.

die perfekte afsluiting vir 'n heerlike dag gebied. Die besoek aan Bethlehem was nie net 'n geleentheid om pragtige tuine te bewonder nie, maar ook om nuwe kennis op te doen, idees uit te ruil en die besondere vreugde van die tuinmaak met ander tuinliefhebbers te ervaar.




1976-matriekklas vier 50-jarige reünie


Die matriekklas van 1976 van Hoërskool Heilbron het die afgelope naweek hul 50-jarige reünie gevier. Ná vyf dekades was dit 'n besondere geleentheid vir oudklasmaats om weer saam te kuier, herinneringe op te haal en ou vriendskappe te herleef.

Die klasmaats het die oggend by die skoolsaal bymekaargekom, waarna hulle deur hul voormalige klaskamers gestap en kosbare herinneringe aan hul skooldae opgehaal het. Die besoek aan die skool het



Op die foto verskyn die klasmaats wat die reünie bygewoon het. Agter, vlnr: Elize du Plessis, Wimpie Watson, Hannes Myburgh, De Kock Hermann, Elsie van Deventer, Sophie Vogel, Hettie Pienaar, Petra du Plooy, Makkie Smit en Chrisilla Taljaard. Voor, vlnr: Pieter Germishuys, Beatrix Botha en Koos Pretorius.







Hoërskool Heilbron se Top Presteerders



















Bronnies se atletiekdag bring groot pret

Die kinders en ouers van Bronnies Kleuterland het die naweek gewys dat 'n bietjie hitte niemand van 'n lekker atletiekdag gaan weghou nie. Tydens die (dagsorg/ kleuterskool?) se jaarlikse atletiekdag het oud en jonk aan verskeie items deelgeneem, van skopfiets ry tot kruiwastootkompetisies.

Die ouers het ook hul staal gewys en saam met die kinders aan die pret deelgeneem.

Die dag het gesorg vir 'n heerlike samesyn waar die fokus nie net op die wenstreep was nie, maar ook op die pret van saam deelneem.

Foto krediet: Elsabé Keogh Photography







Gemeenskap maak Huis Bron-van-Heil se basaar 'n sukses

Huis Bron-van-Heil se basaar was die afgelope naweek ’n groot sukses danksy die ruimhartige ondersteuning van die Heilbron-gemeenskap. Inwoners, borge en donateurs het saam hande gevat om fondse vir die nodige herstelwerk aan die oord in te samel. Die dag is gekenmerk deur gesellige samesyn, samewerking en ’n hartlike gees van omgee vir die oord en sy inwoners.

Besoekers kon tussen verskeie stalletjies rondkuier, terwyl die inwoners van Huis Bron-van-Heil die gehoor met sang vermaak het. Leerders van Hoërskool Heilbron het ook tot die program bygedra deur gedigte voor te dra. Die veiling van heerlike pryse was nog ’n hoogtepunt van die dag en het gehelp om fondse in te samel.

John Watson, voorsitter van Huis Bron-van-Heil, het sy opregte dank uitgespreek teenoor kerke, donateurs, die boere, gemeenskapslede en almal wat hul tyd en hulp onbaatsugtig beskikbaar gestel het om die basaar ’n sukses te maak.

“Sonder julle sal ons dit nie kan doen nie,” het Watson gesê.

Hy het ook sy dank uitgespreek teenoor elke skenker wat ’n skaap of ’n finansiële bydrae gelewer het. Elke bydrae maak ’n verskil in die lewens van die inwoners en help om die oord in stand te hou. Die geld wat tydens die basaar ingesamel is, sal gebruik word om die nodige herstelwerk aan Huis Bron-van-Heil te doen.

Die sukses van die basaar is ’n bewys van wat bereik kan word wanneer ’n gemeenskap hande vat om ’n verskil in ander se lewens te maak.









Man en twee ander tydens huisroof vasgebind

Pieter Groenewald is Dinsdag omstreeks 15:30 in Greenmanstraat deur ses onbekende mans by sy huis beroof.

Volgens Groenewald se verklaring is geld, twee selfone en twee vuurwapens tydens die voorval geneem. Groenewald, ’n vrou wat vir hom werk, en die dame se kind is na bewering met kabelbinders vasgebind.

Tydens die polisie se ondersoek is een van die selfone en een van die vuurwapens in die huis gevind. Groenewald ken glo nie die ses verdagtes nie.

’n Saak van huisroof is by die polisie geopen en die saak word verder ondersoek.

Die motief agter die voorval is nog onbekend.















Jammies vier drie dekades van onderwys en gemeenskapsbetrokkenheid



Dertig jaar ná sy ontstaan bly Laerskool J.A. Malherbe 'n belangrike deel van Petrus Steyn se gemeenskapslewe. Die skool vier dié mylpaal die naweek met 'n program wat hulde bring aan die verlede en terselfdertyd op die toekoms gerig is.

Laerskool J.A. Malherbe, beter bekend as Jammies, op Petrus Steyn maak gereed om sy 30ste bestaansjaar te vier. Die feesvieringe vind die naweek van 31 Oktober plaas en bring die skool se geskiedenis, prestasies en die mense wat oor die jare daartoe bygedra het, onder die soeklig.

Die skool se verhaal is verweef met dié van Afrikaanse onderwys op die dorp. Die oorspronklike J.A. Malherbe-skoolgebou dateer uit 1913, toe die hoërskool met slegs vyf leerlinge begin het. Ná die 1994-verkiesing het die behoefte aan 'n Afrikaanse laerskool op Petrus Steyn aanleiding gegee tot die ontstaan van die huidige Jammies. Die voormalige koshuisgeboue is vir dié doel ingerig.

Volgens skoolhoof Bokkie Bosman lê die skool se krag grootliks in die samewerking tussen personeel, ouers en die breër gemeenskap. Die kleiner skoolomgewing stel personeel in staat om leerlinge as individue te leer ken en aandag aan elkeen se besondere behoeftes en vermoëns te gee.

Hierdie benadering word weerspieël in Jammies se prestasies op akademiese, kulturele en sportgebied. Leerlinge het onder meer in nasionale ATKV-redenaarskompetisies en die provinsiale Wow-spelkompetisie uitgeblink. Die skool se sportprestasies sluit ook deelname aan Cravenweekrugby, atletiek op nasionale vlak en sukses in Oos-Vrystaatse netballigas in.

Die handhawing van dié prestasies verg egter meer as toegewyde onderrig. As 'n kwintiel 4-skool wat skoolfonds hef en die nasionale KABV-kurrikulum volg, moet Jammies self 'n groot deel van sy finansiële behoeftes hanteer. Inisiatiewe soos 'n gholfdag, landbouprojekte en markdae speel gevolglik 'n belangrike rol in die skool se voortbestaan.

Die komende feesprogram weerspieël dié gemeenskapsgees. Dertig bome word op Saterdag 31 Oktober geplant, met oudonderwysers, voormalige skoolhoofde en vorige beheerliggaamlede wat saam aan dié besondere oomblik deelneem. Die program sluit ook 'n mark, 'n kuiertuin, 'n potjieskoskompetisie en aandvermaak met 'n orkes in.

Die naweek se verrigtinge word op Sondag 1 November om 09:30 met 'n kerkdiens in die skoolsaal afgesluit.

Vir Jammies is die drie dekades dus nie net 'n geleentheid om terug te kyk nie, maar ook om die bydrae van vorige geslagte te erken en die pad vorentoe met nuwe ywer aan te pak. Die skool se voortbestaan berus op die gesamentlike insette van almal wat bereid is om in sy leerlinge en toekoms te belê.

Soos die skool sy 30ste bestaansjaar vier, bly die uitdaging om dié nalatenskap te bewaar en te verseker dat toekomstige geslagte ook die geleentheid kry om hier te leer, te groei en te presteer.

Bron vir feite: OFM Nuus – Spoglaerskool in die Riemland vier sy 30ste bestaansjaar.

JG AFRIKA
EXPERIENCE. QUALITY. INTEGRITY

edf power solutions

PUBLIC PARTICIPATION PROCESS	TS'EBETSO EA HO NKA KAROLO HA SECHABA	OPENBARE DEELNAMEPROSES
THE PROPOSED DEVELOPMENT OF THE HOOGTE WIND ENERGY FACILITY AND ASSOCIATED INFRASTRUCTURE, LOCATED WITHIN THE FEZILE DABI AND THABO MOFUTSANYANA DISTRICT MUNICIPALITIES, FREE STATE PROVINCE	NTSHETSO YA NTSHETSOPELE YA SETSI SA MATLA A MOYA SA HOOGTE LE MERALO YA MOTHEO E AMANANG LE SONA, SE SE FUMANEHANG KA HARA BOMASEPALA BA DITEREKE TSA FEZILE DABI LE THABO MOFUTSANYANA, POROFENSE YA FREE STATE.	DIE VOORGESTELDE ONTWIKKELING VAN DI HOOGTE-WINDENERGIE-FASILITEIT EN GEPAARDGAANDE INFRASTRUKTUUR, GELE BINNE DIE FEZILE DABI EN THABO MOFUTANYANA-DISTRIKMUNISIPALITEITE, VRYSTAAT-PROVINSIE
DFFE REFERENCE: TBC	DINTLHA TSEBISO TSA DFFE: TBC	DFFE REFERENCE: TBC

Notice is hereby given in accordance with the National Environmental Management Act (NEMA), 1998 (Act No. 107 of 1998), the Environmental Impact Assessment Regulations, 2014 (as amended), of the commencement of the Scoping and Environmental Impact Assessment (S&EIA) Process and associated Public Participation Process.

Applicant: Hoogte Wind Power (Pty) Ltd

Project Description: Development of the 320 MW Hoogte Wind Energy Facility and Associated Infrastructure, located within the Fezile Dabi and Thabo Mofutsanyana District Municipalities, Free State Province.

Location: The total extent of the assessed farm portions is 21 500 hectares (ha) located in the Ngwathe, Mafube, and Nketona Local Municipality, between the towns of Heilbron and Mamafubedu, Free State Province.

A full S&EIA Process is required for the Environmental Authorisation Application, as the proposed development triggers Listed Activities in terms of the NEMA EIA Regulations, 2014, as amended, under Listing Notices 1, 2 and 3.

The development may also trigger additional approvals, authorisations, licences or permits, as may be identified through the findings and recommendations of the specialist site investigations undertaken as part of the assessment process.

Opportunity to Participate: A Draft Scoping Report (DSR) has been released for a minimum 30-day public comment and review period from 30 October 2026 to 30 November 2026. Written notification will be sent to all Registered Interested and Affected Parties (I&APs) to inform them of the availability of the DSR for public review and comment. A hard copy of the DSR will be made available at accessible public venues in nearby towns and an electronic copy will be made available for download on the JG Afrika website: www.jgafrika.com/public-participation.

Interested and Affected Parties (I&APs) are invited to register.

Registration is possible throughout the S&EIA Application Process.

Ka hona ho fanoa ka tsebiso ho latela National Environmental Management Act (NEMA), 1998 (Act No. 107 of 1998) le Environmental Impact Assessment Regulations, 2014 (as amended), mabapi le ho qalisoa ha Ts'ebetso ea Scoping and Environmental Impact Assessment (S&EIA) hammoho le Ts'ebetso e amanang ea ho nka karolo ha sechaba.

Mokopi: Hoogte Wind Power (Pty) Ltd

Tlhaloso ea Morero: Development of the 320 MW Hoogte Wind Energy Facility and Associated Infrastructure, located within the Fezile Dabi and Thabo Mofutsanyana District Municipalities, Free State Province.

Sebaka: Kakaretso ea boholo ba likarolo tsa mapolasi tse hlahlobiloeng ke lihekthere tse 21 500 (ha), tse fumanehang ka har'a Bomasepala ba Libaka ba Ngwathe, Mafube le Nketoria, lipakeng tsa litoropo tsa Heilbron le Mamafubedu Profinseng ea Free State.

Ho hlokahala Ts'ebetso e felletseng ea S&EIA bakeng sa Kopo ea Environmental Authorisation, kaha morero o rerileong o baka mesebetsi e thathamisitsoeng ho latela NEMA EIA Regulations, 2014, as amended, tlas'a Listing Notices 1, 2 le 3.

Morero ona o ka boela oa hloka ditumello tse ling, tumello ea molao, lilaesense kapa diphemiti tse eketsehileng, tse ka 'nang tsa tsejoa ka liphetho le likhothaletso tsa liphuputso tse khethehileng tse entsoeng sebakeng sa morero e le karolo ea Ts'ebetso ea Tlhahlobo.

Monyetla oa ho Nka Karolo: Tlaleho ya Moralo wa Tekolo ya Pele (Draft Scoping Report – DSR) e lokollotswe bakeng sa nako ya bonyane matsatsi a 30 bakeng sa hore setjhaba se fane ka ditshwaelo le ho e hlahloba, ho tloha ka la 30 Mphalane 2026 ho fihlela ka la 30 Pudungwana 2026. Tsebiso e ngotsweng e tla romelwa ho Batho Bohle ba Ngodisitsweng ba Thahasellang le ba Amehang (Registered Interested and Affected Parties – I&APs) ho ba tsebisa ka boteng ba DSR bakeng sa ho e hlahloba le ho fana ka ditshwaelo tsa setjhaba. Kopi e hatisitsweng ya DSR e tla fumaneha dibakeng tsa setjhaba tse fihlellehang ditoropong tse haufi, mme kopi ya elektroniki e tla fumaneha bakeng sa ho jarollwa webosaeteng ya JG Afrika: www.jgafrika.com/public-participation.

Mahlakore a nang le thahasello le a amehang (I&APs) a mengoa ho ingolisa.

Ho ingolisa ho ka etsoa nakong eohle ea ts'ebetso ea kopo ea S&EIA.

Kennis word hiermee gegee, ooreenkomstig Wet op Nasionale Omgewingsbestuur (NEM 1998 (Wet Nr. 107 van 1998) en die Regulasies Omgewingsimpakbeoordeling, 2014 (so gewysig), van die aanvang van die proses Omvangbepaling Omgewingsimpakbeoordeling en gepaardgaande proses vir openbare deelname.

Aansoeker: Hoogte Wind Power (Edms) Bpk

Projekbeskrywing: Ontwikkeling van die 320 M Hoogte-windenergie-aanleg en gepaardgaan infrastruktuur, geleë binne die Fezile Dabi Thabo Mofutsanyana-Distriks Munisipalitei Vrystaat-Provinsie.

Ligging: Die totale omvang van die geëvalueer plaasgedeeltes is 21 500 hektaar (ha), geleë bin die Ngwathe-, Mafube- en Nketona-plaasli munisipaliteite, tussen die dorpe Heilbron Mamafubedu in die Vrystaat-Provinsie.

'n Volledige S&EIA-proses word vereis vir aansoek om omgewingsmagtiging, aangesien voorgestelde ontwikkeling aanleiding gee gelyste aktiwiteite ingevolge die NEMA-EI regulasies van 2014 (soos gewysig) kragte Lyskennisgewings 1, 2 en 3.

Die ontwikkeling kan ook aanleiding gee bykomende goedkeurings, magtigings, lisensi of permitte, soos geïdentifiseer deur bevindinge en aanbevelings van gespesialiseerde terreinondersoeke wat as de van die beoordelingsproses uitgevoer is.

Geleentheid om deel te neem: 'n Konse **omvangbepalingsverslag (DSR)** is vrygestel vir openbare kommentaar- en hersieningstydpe van minstens 30 dae, wat strek van 30 Oktob 2026 tot 20 November 2026. Skriftelik kennisgewings sal aan alle Geregistreer Belanghebbende en Geaffekteerde Partye (I&AP gestuur word om hulle in te lig oor beskikbaarheid van die DSR vir openba hersiening en kommentaar. 'n Gedruk eksemplaar van die DSR sal by toeganklik openbare plekke in nabygeleë dorpe beskikba gestel word, en 'n elektroniese weergawe beskikbaar wees vir aflaai vanaf JG Afrika webwerf: www.jgafrika.com/public-participation

Belangstellende en Geaffekteerde Partye (I&AP word uitgenooi om te registreer.

Registrasie is moontlik regdeur die S&EIA Proses



For more information, please contact JG Afrika (Pty) Ltd / Bakeng sa tlhahisoleseling batsi, ka kopo ikopanye le JG Afrika (Pty) Ltd / Vir meer inligting, kontak asseblief JG Afrika (Pty) Ltd			
Contact Person / Motho eo ho ka Ikopanngoang le Eena ho / Kontak Persoon	Ms Aneesah Samodien		
E-mail / Imeile / e-Pos	ppp-ct@jgafrika.com	Telephone / Mohala / Telefoon	+27 21 530 180
Website / Webosaete / Webwerf	http://www.jgafrika.com/public-participation/	Facsimile / Fekese / Faks	+27 21 532 095
Registration and commenting is also possible via a form using the link below or QR code to register. / Ho a kgonahala hape ho ingodisa le ho fana ka ditshwaelo ka ho tlatsa foromo e fumanehang ka sehokelo se ka tlase kapa ka ho sekena khoutu ya QR ho ingodisa. / Registrasie en die lewering van kommentaar is ook moontlik via 'n vorm deur die onderstaande skakel of QR-kode te gebruik	https://forms.cloud.microsoft/r/DxMrVrnqVG?origin=lprLink		

Heilbron troef die Ratels met 209 lopies

Heilbron se dorpskrieketspan het die Ratels met 209 lopies kafgedraf ná 'n uitstekende kolfvertoning waarin die span 'n stewige totaal van 338 lopies opgestapel het.

Armand Smit het die beurt met 'n onoorwonne 150 lopies aangevoer, terwyl Arno Swart met 'n blitsbeurt van 72 lopies van slegs 31 balle vir verdere hoogtepunte gesorg het. Swart het die toeskouers behoorlik opgewonde gehad toe hy vyf sesse in een boulbeurt moker. Heilbron se kolwers het altesaam 18 sesse en 31 viere geslaan.

Met die bal het JJ Joubert vier paaltjies geneem, terwyl Jeandre Earle met 'n driekuns die Ratels se kolwers verder onder druk geplaas het. Smit het ook in die veld 'n belangrike bydrae gelewer deur vier vangskote te neem.

Smit en Earle se puik vertonings is met die toekenning as Manne van die Wedstryd bekroon.

Heilbron kom oor twee weke weer in aksie wanneer hulle die stryd teen RTV op Hoërskool Heilbron se krieketveld aanknoop. Ondersteuners is welkom om die span te kom aanmoedig en die wedstryd saam met die spelers te geniet. Bring gerus ook jou braaivleis saam!



Op die foto vl: Armand Smit, Danie Rietchard en Jeandre Earle.

KENNISGEWINGS

Form J193

NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES

All persons having claims against the under-mentioned estate must lodge it with the Executor concerned within 30 days (or as indicated) from date of publication hereof.
Notice Language: **English**
Province: **Free State**
Estate Number: **1553/2026**
Surname: **Janse van Rensburg**
First Names: **Philip Theunis Jacobus**
Date of Birth: **1944-09-11**
ID Number: **440911 5002 080**
Last Address: **34 Harold Street, district Heilbron, Province Free State**
Date of Death: **2018-06-10**
Master's Office: **Bloemfontein**
First Names of Surviving Spouse: **Petronella Jacoba**
Surname of Surviving Spouse: **Janse van Rensburg**
Date of Birth of Surviving Spouse: **1957-11-02**
ID Number of Surviving Spouse: **571102 0038 086**
Name of Executor or Authorised Agent: **Amanda Anne Schutte**
Address of Executor or Authorised Agent: **40 Church Street, Heilbron, 9650**
Period allowed for lodgement of claims: **30 days**
Advertiser Name: **Cornelius & Partners Inc.**
Address: **40 Church Street, Heilbron, 9650**
E-Mail: **aktesb@corven.co.za**
Date Submitted: **2026/10/15**
Tel: **058 852 2035**
For publication in the Government Gazette on: **2026/10/30**

KENNISGEWING

Kennisgewing in die Boedel van
Wyle **HELENA LACOCK**
Identiteitsnommer: 400207 0004 082, in lewe 'n Pensioenaris woonagtig te Eenheid 17, Huis Sorgvfry, Clarkstraat 15, Reitz, 9810,
Getroud Buite Gemeenskap van Goedere.
DATUM VAN AFSTERWE: 10 JUNIE 2026
BOEDELNOMMER : 006130/2026
KENNIS GESKIED HIERMEE aan Debiteure en Krediteure om bedrae aan die boedel verskuldig te betaal en eise teen die Boedel in te dien binne 30 (DERTIG) dae vanaf publikasie hiervan by onderstaande adres:
MNRE BLIGNAUT & WESSELS
SAREL CILLIERSSTRAAT 29
POSBUS 6,
REITZ, 9810

VORM JJJ

VERLORE OF VERNIETIGDE TITELBEWYS

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van regulasie 68 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van **Transportakte T13102/2019** gepasseer deur Die Eksekuteurs in die **Boedel Wyle Pieter Johannes Lombard, Boedelnommer: 106/2018,** ten gunste van Sophia Maria Myburgh,
Identeitsnommer: 540919 0083 087, Getroud Binne Gemeenskap van Goed met Hans Jacob Myburgh welke Gemeenskap van Goed uitgesluit is in terme van 'n sekere testamentêre voorwaarde ten aansien van
Erf 727 Heilbron, Uitbreiding 6, Distrik Heilbron, Provinsie Vrystaat
Groot: 1184 (Een Duisend Een Honderd Vier en Tagtig) Vierkante Meter, gehou kragtens **Transportakte T13102/2019**
Wat verlore geraak het of vernietig is.
Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes: Vrystaat te Bloemfontein binne twee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.
Gedateer te Heilbron op hede die 26ste dag van Oktober 2026.
AANSOEKER: AMANDA ANNE SCHUTTE
ADRES: 40 KERKSTRAAT,
HEILBRON 9650
E-POS ADRES: aktesa@corven.co.za
KONTAKNOMMER: 058 852 2035

KENNISGEWING AAN KREDITEURE

In die boedel van wyle:
GEORGE SIMON PEARSON ROOS,
Identiteitsnommer: 000605 5022 088
Ongetroud
Van: Raubenheimerstraat 111, Heilbron, 9650
Wie oorlede is op: 2 Augustus 2025
in lewe 'n Ketelmaker.
BOEDELNOMMER: 006296/2026
Alle persone wat vorderinge teen bogemelde boedel het, word aangesê om bedoelde vorderinge binne 30 (Dertig) dae vanaf datum van publikasie hiervan by ondergetekende in te dien.
PHILLIP VAN DER MERWE & VENNOTE ING.
ELSSTRAAT 47
POSBUS 58,
HEILBRON, 9650
VERW: PPvdM/ne
TEL: 058 852 2041
E-POS: merlaw@phillaw.co.za





Neem asb kennis dat sperdatum vir Advertensies en Bydraes vir Vrydae se koerant Woensdae om 10:00 is.
Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033
Herald Office National





SMALLS

Vir enige nuus en advertensies vir die
Heilbron Herald
Kontak Hendie 058 852 3033 of
heraldnuus@heilbron.co.za
Elsstraat 44, Heilbron

DIENSTE

BAAL / SNY & BAAL
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

BAAL / SNY & BAAL ...
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685
Heilbron

DUPNO Trading
AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

BIBLIOTEEK OOP
Piercestraat 66 • Heilbron
Heilbron Biblioteek is VYF DAE
per week oop vir die publiek en die tye is as volg:
Maandae tot Vrydae - 09:00 - 13:00
(Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.

GEKLASSIFISEERD

Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron

Tel: 058 852 3033/4/5
www.heilbronherald.co.za

E-POS ADRESSE
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za
(Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za
(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za -
(Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za -
(Koerantbydraes)
• **Marlene** (Proeflees van koerant)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 066 056 1601
• heraldnuus@heilbron.co.za -
(Koerantbydraes, advertensies)

Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.

Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.

HERALD Sport

Oud en jonk ondersteun RSA se gholfdag



Hoërskool Heilbron se gholfspelers het vroegoggend afgeslaan om deel te neem aan die gholfdag wat deur RSA Grain Storage Solutions geborg is.

RSA Grain Storage Solutions se jaarlikse gholfdag het Saterdag goeie ondersteuning van oud en jonk by Heilbron Gholfklub geniet. Uitstekende gholf, 'n gesellige atmosfeer en ruim bydraes het van die dag 'n groot sukses gemaak.

Die plaaslike hoërskool se gholfspelers het reeds vroegoggend afgeslaan en hul rondte voor die middagveld voltooi. Die middagveld is goed ondersteun, met Johnny J. Muller en Jackie Leonard wat met uitstekende spel as die wenners uit die stryd getree het.

RSA samel jaarliks geld vir Heilbron Gholfklub in en het vanjaar ook 'n blywende verbetering aangebring. As deel van hul borgskap is 'n nuwe granietblad op die kroegtoonbank geïnstalleer – 'n opknapping wat reeds lank nodig was en die klubhuis mooi afrond.

'n Mooi prysuitdeling het die dag op 'n hoogtepunt afgesluit. Daar is ook aan die breër gemeenskap gedink: 'n bottel whisky is ten bate van Huis Bron-van-Heil opgeveil en het 'n besondere bedrag van R8 000 ingebring.

Die klub bedank RSA, al die spelers en ondersteuners vir hul bydraes tot 'n geslaagde dag.



In 'n gesellige luim voor die afslaan by RSA se gholfdag verlede Saterdag. Van links is Willem Loots, Marthinus Loots, Corné du Plessis en Chris Swanepoel.

Heilbron-besigheidsrolballiga sorg vir strawwe mededinging



Die Heilbron-besigheidsrolballiga sorg steeds vir strawwe mededinging, met Bronnies en Kopanang wat ná drie wedstryde elk met ses ligapunte boaan die punteleer staan.

Bronnies het tot dusver bestendige spel gelewer en beklee die eerste plek op die punteleer, terwyl Kopanang tweede lê. JCB en RSA Grain volg met vier punte elk, met L&T Boerdery en Iceburg Truck Stop ook op vier punte.

RSA Grain het besonder sterk in die tweede wedstryd gevaar deur sy teenstanders met 94–26 te klop en sodoende 68 punte op sy verskilrekening by te voeg. JCB het in dieselfde rondte ook 'n oortuigende oorwinning behaal met 'n telling van 94–26.

Kopanang het in sy drie wedstryde twee oorwinnings behaal, terwyl Bronnies onoorwonde is.

What's News het in die eerste wedstryd 'n indrukwekkende oorwinning van 91–29 behaal, maar kon nie daarin slaag om dieselfde momentum in die daaropvolgende wedstryde te behou nie.

Met die eind wedstryde wat voorlê, tussen Bronnies en Kopanang gaan dit 'n interessante spel wees. Almal sit op hulle stoele om te kyk wie met die eiendstryd koning sal kraai.



Heilbron kleur Valsrivier Blou

Die Valsrivier-gemengde pare-kompetisie het die afgelope naweek weer rolbalspelers byeengebring, met sewe pare van die Heilbron Rolbalklub wat aan die jaarlikse toernooi deelgeneem het.

Slegs vier pare kon deurdring na die Noord-Vrystaat-kompetisie, met verskeie spelers van Heilbron wat sterk presteer het.

Die vierde plek is ingeneem deur Johnnie Fourie en Adri Viljoen. Elna Steyn en Henry Quin het derde geëindig, terwyl Tracy Jacobs en Johan Jacobs van KBC die tweede plek behaal het. Die algehele wenners was Edward Muller en Sonja Muller, wat met die eerste plek weggestap het.

Baie geluk aan al die spelers wat deelgeneem en hul klubs verteenwoordig het. Heilbron se sterk deelname aan die kompetisie is 'n goeie aanduiding van die klub se entoesiasme vir die sport.



Op die foto vl: Edward en Sonja Muller Tracy Jacobs, Johan Lotz Elna Steyn, Henry Quin, Adri Viljoen en Johnnie Fourie.

Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald
Kontak Hendie 058 852 3033 of heraldnuus@heilbron.co.za
Elsstraat 44, Heilbron

VIR DIE BEMARKING VAN U VEE, KONTAK:
HUGO GROENEWALD - HEILBRON
082 569 7205
ARNO SWART - EDENVILLE/PARYS/KOPPIES
067 069 8383
ANITA ELS - GOTTENBURG/WEIVELD
073 220 3515
SKAKEL GERUS ENIGE VAN ONS BEMARKERS VIR U KRAAL BESPREKING

BKB
BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 2 NOVEMBER 2026
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346
WARDEN Maandelikse veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899
HERTZOGVILLE: WATERPAS TRUST
Gevoerde slagosse
11:00, Hertzogville
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

DINSDAG - 3 NOVEMBER 2026
UITVAL Maandelikse veiling
Kontak Enrico Williams 078 937 0923
ARLINGTON Twee-maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855
STANDERTON: LAASTE WILLOW BEEFMASTERS BULVEILING
11:00, Hoëveld veilingsentrum
Kontak Carel Davel 082 331 1811

DONDERDAG - 5 NOVEMBER 2026
FRANKFORT Herdenkingsveiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242
KAALLAAGTE Maandelikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539
DUNDEE Maandelikse veiling
Kontak Brokkie Brockmann 084 429 3091

VRYDAG - 6 NOVEMBER 2026
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
POTCHEFSTROOM Jaarlikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956
BLOEDRIVIER/NQUTU Maandelikse veiling
Kontak Riaan Ferreira 082 372 9454

BKB LIMITED
61 GRAHAMSTOWN RD, NORTHEND,
PORT ELIZABETH, 6001
BTW NR.: 4100101338 REG NR.: 1998/012435/06
FRANKFORT: 058 813 1071